TV3 Projects (PTY) LTD
1ste vloer, La Gratitude Offices
97 Dorp Straat
Stellenbosch
7600
Kontaknommer: (021) 861 3800
Faksnommer : 021 882 8025
Epos : clifford@tv3.co.za
Vir Aandag: Clifford Heys

**JAMESTOWN ERFENIS KOMITEE**
*Voorsitter / Chairperson*
Chrisben John February
jamestownerfenis1902@gmail.com
chrisbenjf@hotmail.com
083 406 1102

**KOMMENTAAR & BESWAAR NAMENS EN IN BELANG VAN JAMESTOWN ERFHOUERS; BELASTINGBETALERS; KLEINBOERE; GEMEENSKAP**

Geagte Mnr. Clifford Heys / TV3 Projects

**KOMMENTAAR: Beswaar teen ontwikkeling van Gedeeltes 52, 53, 54 & 71 van die plaas Blaauwklip no. 510, Jamestown, Afdeling Stellenbosch**
**Aansoeknommer: LU/8567**
**Munsipale Lêerverwysingsnommer: Erf 510/52, Jamestown**
**Aansoeker Verwysingsnommer: 3527-P**

Met verwysing na bogenoemde kennisgewing gedateer: **6 Junie 2019.**

**Hiermee staan ons as Jamestown Gemeenskap die voorgenome ontwikkeling op Gedeelte 52, 53, 54 & 71 van die plaas Blaauwklip no. 510, Jamestown, Afdeling Stellenbosch ten sterkste teen en teken beswaar aan.**

1. Historiese Agtergrond: Jamestown het in 1902 ontstaan toe Eerw. Jacob Weber en James Rattray met die verskeie huurders van die Rynse Sendingsgemeente die 8 jaar huurooreenkoms onderteken. Na die 8 jaar kon die "Huurder" dan die erf teen 'n fooi van Vyf Shillings (5s.) koop. Baie van die privaat eienaars / erfhouers van hierdie landbou dorp, Jamestown het voorheen in die Stellenbosch dorpsgebied op Munisipale gronde geboer by onder andere die gebied waar die huidige van der Stel Sportgronde is tot teen Markstraat. Jamestown is 'n voorheen benadeelde

gemeenskap in die vorige politieke bedeling, met baie van ons voorouers wat gedwonge verskuiwings in die gesig gestaar het sonder vergoeding. Teen 1976 staar Jamestown gemeenskap weereens die moontlikheid in die gesig om weens die groepsgebiede-wet as blanke gebied verklaar te word en verskuif te word. Te danke aan die sterk teenkanting van die plaaslike Jamestown Dorpsbestuur, Stellenbosch boerevereniging, omliggende plase, NG-, Rynse- en Methodiste Kerk, Eerwaarde Jacob Weber se kinders en kleinkinders en ander Organisasies en rolspelers se sterk besware behou Jamestown sy status as "kleurling landelike gebied". As n Voorheen benadeelde gemeenskap in die vorige politieke bedeling, het baie van ons voorouers gedwonge verskuiwings in die gesig gestaar. Weens onbekostigbaarheid en hoë belasting tariewe onder andere, staar die huidige en toekomstige nageslagte weereens "gedwonge verskuiwing" in die gesig in die sin dat talle erfhouers geen keuse het / gaan hê as om te verkoop of selfs verloor weens onbekostigbaarheid en addisionele lenings wat aangegaan moet word.

1. Sedert die ontstaan van Jamestown in 1902 word Jamestown kleinboere blootgestel aan Aarbei-boerdery, vandaar die verskeie aarbei variante as straatname. Hoewel Jamestown bekend is vir aarbeiboerdery het die kleinboere ook met verskeie ander groente, vrugte en selfs met blomme geboer. Die oorblywende boere verskaf natuurlik ook steeds werk aan verskeie Jamestowners asook werkers van buite Jamestown. Soos gesien kan word op **Bylae 3 (Bl. 26 – 44)** is Jamestown 'n familie dorpie waar eiendom van een generasie na die volgende oorgedra word as erfporsie. *(Sien Web Link aan einde van hierdie dokument).*

2. Tydens ontwikkeling van die residensiele area in Jamestown moes erfhouers 'n gedeelte van hul erwe afstaan sonder vergoeding vir die daarstelling van die huidige strate. Hul moes verder ook tot soveel as 30% van die waarde van die erwe wat verkoop word, aan die Streekdiensteraad afstaan as Begiftigingsfooi wat gebruik word vir ontwikkeling en infrastruktuur van Jamestown. Anders as ander omliggende dorpies in Stellenbosch moes die Jamestown erfhouers grotendeels self betaal vir ontwikkeling, opgradering en vooruitgang deur middel van die Begiftigingsfooi stelsel. **(Sien Aangeheg, BYLAE 4:** *(Struktuurplan, Webersvallei Plaaslike gebied, bl 27, punt 6.3)* Dit is ook Jamestown gemeenskap se bekommernis dat ons oorweldiggend ingeboks word deur ontwikkeling reg rondom Jamestown en nou selfs tot binne Jamestown wat geen langtermyn voordeel vir die gemeenskap inhou nie en tot 'n punt waar die gemeenskap nie meer kan bekostig om voort te bestaan nie. Nog 'n groot bekommernis sluit die vraag of ons dorp se infrastruktuur die kapassiteit het om die groot druk te kan hanteer in terme van water, riool aanleg, paaie, ens. Huidiglik gebruik meer as 800 huishoudings van Jamestown, Mountain View, La Clemence, Aan de Weber asook die addisionele Stellenbosch Square besighede en langsliggende Besigheids / Kantoor park se personnel asook kliënte die Webersvallei – R44 aansluiting. Met die daarstelling van die hoëdigtheids Residensiele kompleks vir hoër inkomste groepe gaan dit beslis groter druk op ons

infrastruktuur plaas. Sien web link onder aan dokument vir **Bylae 3** *(La Clemence, Jamestown & Aan De Weber Erfhouers volgens 2017 – 2021 Stellenbosch Munisipale Eiendom-Waardasies (Aflaaibare PDF Dokument)*

3. Belasting: Weens vorige ontwikkelings soos La Clemence, Stellenbosch Square, Aan De Weber is Jamestown op groot skaal benadeel en ingedoen met vorige ontwikkelings-projekte waar die gemeenskap aan die kortste end trek in terme van hoër waardasies en gepaardgaande hoër belasting, maar dat daar absuluut niks teruggeploeg is in die gemeenskap nie. Dit kom basies neer op 'n Wen – Verloor situasie waar die ontwikkelaar wen i.t.v. winste en inkomste gegenereer uit ontwikkeling en Munisipaliteit wen i.t.v. onregverdige Hoër Belastingstariewe, maar die plaaslike Jamestown Gemeenskap Verloor op verskeie gebiede. Jamestown se eiendomswaardasies en gepaardgaande belasting is reeds uitermate verhoog wat dit moeilik maak vir die meestal middel- en laerinkomste groepe asook pensioenarisse gemeenskap om by te hou met die huidige inflasie. Weens onbekostigbaarheid en hoë belasting tariewe onder andere, staar die huidige en toekomstige nageslagte weereens "gedwonge verskuiwing" in die gesig in die sin dat talle erfhouers geen keuse het en gaan hê as om ekstra lenings of verbande uit te neem of om te verkoop en goedkoper heenkome en opsies te oorweeg nie en selfs die moontlikheid om hul eiendom te verloor. Geen minimale / eenmalige persentasie van verkope wat teruggeploeg word in Jamestown gemeenskap gaan opmaak of vergoed vir die langtermyn finansiële komplikasies en druk aan die meestal middel- tot laer inkomstegroep erfhouers en belastingbetalers sowel as die oorblywende en veral die jonger opkomende aktiewe kleinboere in Jamestown nie.

4. Met Verwysing na **BYLAE 1, punte 3 & 6** *(Sien Web Link onder / Aangeheg)*, in ag geneem sal dit net regverdig wees teenoor die Jamestown gemeenskap om die Jamestown "Tuinerwe" tussen Webersvalleiweg en Blaauwklippen Rivier buite die sogenaamde "Urban Edge" te plaas om soortgelyke aansoeke te verhoed. Met verdere verwysing na **punt 5 van Bylae 1** word die belange van Blaauwklippen bo dié van meer as 400 Jamestown erfhouers gestel. 'n Vorige aansoek vir hersonering en afwyking gedateer, 10 September 2010, vir Erwe 510/469 & 510/470 in Jamestown is deur die Munisipaliteit afgekeur. (Sien **BYLAE 8**)

5. Toe Blaauwklippen die erwe gekoop het, was hul bewus dat dit deel van Jamestown se Landbousone 1 erwe is. Die Jamestown Gemeenskap beveel dus aan dat Blaauwklippen die eiendom vir alternatiewe doeleindes soos byvoorbeeld 'n Gedenktuin / Kruietuin / Groentetuin benut wat in lyn is met landbou aktiwiteite en terselfde tyd as toeriste attraksie kan dien om sodoende respek te toon aan die Jamestown Gemeenskap en ons landbou erfenis.

6. Die oprigting van hoë digtheid wooneenhede sal geensins 'n positiewe bydrae tot die omgewing lewer nie, aangesien dit die omliggende eiendomme se waardes negatief

sal beïnvloed in terme van hoër waardasies en gepaardgaande hoër belastingstariewe vir die groot meerderheid middle inkomste tot laer inkomste gemeenskap. Die voorgestelde ontwikkeling op enige erf of erwe in Jamestown gaan beslis afbreuk doen aan die landbou karakter, beeld en gevoel van Jamestown.

7. Goedkeuring van hierdie residensiele ontwikkeling op die landbousone sal die deur open vir ander opportunistiese ontwikkelaars om op ander erwe in die omgewing ook groepsbehuisings en selfs woonstelgeboue op te rig, en dit sal die unieke karakter van Jamestown nie net onreg aandoen nie, maar in totaliteit vernietig.

8. Een van die redes vir die herbekendstelling en herlewing van die Jamestown Aarbeifees deur die Webers Toerisme Netwerk in 2015 is juis om ons aarbei- en ander kleinboerdery gemeenskap se erfenis te vier en ook om die bestaande en nuwe opkomende kleinboere aan te moedig om voort te gaan met boerdery aktiwiteite op die landbou-erwe. Die jaarlikse fees gedurende die eerste naweek in November skep natuurlik ook die platvorm vir kleinboere om hul aarbeie en ander vars produkte te verkoop. Die Jamestown Aarbeifees skep die grootste platvorm vir die blootstelling van Jamestown se unieke erfenis en geskiedenis. Deur voort te gaan met die ontwikkeling gaan dit beslis 'n einde bring aan ons unieke kleinboerdery aktiwiteite wat op sy beurt 'n einde gaan bring aan die daarstelling van die jaarlikse Jamestown Aarbeifees gedurende in November.

9. Jamestown gemeenskap versoeke dus dat Blaauwklippen sy aansoek sal heroorweeg en terugtrek in belang van ons Jamestown gemeenskap, ons erfenis en ons voortbestaan. U neem volle verantwoordellikheid dat u uit disrespek teen die Jamestown gemeenskap se belange en verwagtinge optree in belang van u eie vooruitgang.

10. Hiermee versoek ons as Jamestown gemeenskap ook verder dat Stellenbosh Munisipaliteit die aansoek vir hersonering en ontwikkeling in belang van die Jamestown gemeenskap, ons erfenis en ons voortbestaan as kleinboere en belastingbetalers afkeur.

11. Vind aangeheg, ter ondersteuning van beswaar van bogenoemde ontwikkeling:
    a. BYLAE 1: FRIENDS OF STELLENBOSCH MOUNTAIN
    b. BYLAE 2: JAMESTOWN METHODISTE GEMEENTE: BESWAAR
    c. BYLAE 8: Prof. HERMANN STIPP

Ek vertrou u sal hierdie Beswaar en Kommentaar van 'n gemeenskap wat nie net onder druk is om ons erfenis te verloor nie, maar ook die moontlikheikheid in die gesig staar om ons eiendom (Erfporsies) te verloor met die nodige erns bejeën.

**KOMMENTAAR & BESWAAR NAMENS EN IN BELANG VAN JAMESTOWN ERFHOUERS; BELASTINGBETALERS; KLEINBOERE; GEMEENSKAP**

**JAMESTOWN ERFENIS KOMITEE**
Chrisben John February
*Voorsitter / Chairperson*
jamestownerfenis1902@gmail.com
chrisbenjf@hotmail.com
083 406 1102
Plot 510/206, Jamestown, Stellenbosch

Handtekening: ______________________

**Verwysings:**

**BYLAE 1:** **(Web Link)** FRIENDS OF STELLENBOSCH MOUNTAIN: Comments on Application Number LU/8567 Portions 52, 53, 54 and 71 of Farm 510, Jamestown (Aflaaibare PDF Dokument)
http://www.physics.sun.ac.za/~eggers/fsm/mn/FSM-Comments-Farm510Jamestown-190629.pdf
http://www.physics.sun.ac.za/~eggers/fsm/docs.html

**BYLAE 2:** **(Web Link)** Gary Arendse: "Private property, gentrification, tension and change at the 'urban edge': a study of Jamestown, Stellenbosch." (Aflaaibare PDF Dokument)
http://etd.uwc.ac.za/xmlui/bitstream/handle/11394/4296/arendse_gd_ma_arts_2014.pdf?sequence=1&isAllowed=y

**BYLAE 3:** **(Web Link)** La Clemence, Jamestown & Aan De Weber Erfhouers volgens 2017 – 2021
Stellenbosch Munisipale Eiendom-Waardasies (Aflaaibare PDF Dokument)
La Clemence : Bladsy 21 – 25 van 66
Jamestown : Bladsy 26 – 44 van 66
Aan De Weber: Bladsy 44 – 46 van 66
https://www.stellenbosch.gov.za/documents/property-valuations/z-archive/general-valuation-roll-2017-2021/5030-gv2017-final-general-valuation-roll-vol14-dv-dz-jt-lg/file

**BYLAE 4:** **(PDF Aangeheg)** Struktuurplan, Webersvallei Plaaslike gebied, bl 27, punt 6.3 (Begiftigingsfooi)

**BYLAE 5:** **(PDF Aangeheg)** JAMESTOWN METHODISTE GEMEENTE: BESWAAR TEEN HERSONERING EN AFWYKINGS: GEDEELTES (LANDBOU-ERWE) 52 & 53 & 54 & 71 IN JAMESTOWN, STELLENBOSCH (NAASLIGGENDE AAN LA CLEMENCE RETIREMENT VILLAGE) (PDF Dokument aangeheg)

**BYLAE 6:** **(PDF Aangeheg)** i/s: ONDERSOEK INGEVOLGE GROEPSGEBIEDE WET (NR.77 VAN 1957) – JAMESTOWN, DISTRIK STELLENBOSCH (PDF Dokument aangeheg)

**BYLAE 7:** **(PDF Aangeheg)** 1989 STRUKTUURPLAN UITTREKSEL

**BYLAE 8:** **(PDF Aangeheg)** PROF. HERMANN STIPP: 2010 BESWAAR: HERSONERING EN AFWYKING: ERWE 510/469 & 510/470, JAMESTOWN